

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
24 Junie 1979

Onderwerp: Uitdeel van genade

Lees: 1 Petrus 2 vers 18 tot 1 Petrus 3 vers 7

Teks: 1 Petrus 2 vers 18 tot 1 Petrus 3 vers 7

Sing: Gesang 63 verse 1 en 4  
Gesang 314 vers 3  
Gesang 275 vers 5

“Dit is eenaardig dat ’n mens in die lig van die volle betekenis van die Evangelie so dikwels mense kry wat genade alleen verstaan as iets wat jy net ontvang. Dit is natuurlik waar dat God my ten spyte van dit wat ek is en doen, tog aanvaar en vergewe. Deur God se genade is ek wat ek is.

“Maar die Evangelie het nie net ’n ontvangkolom nie. Dit het ook ’n uitgawe kant. Alles wat ontvang word, moet ook uitgedeel word. Daarom word genade in ons teksgedeelte gedefinieer as: ‘Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly.’ (1 Petr 2:19)

“Broers en Susters, dit is nie net vir kennisname gegee nie. Nee, die plan van God moet uitgevoer word, sodat God alles in almal kan word.

“Dit is genade as iemand, omdat hy getrou aan God wil wees, die pyn van onverdiende lyding verduur en leed verdra deur onregverdig te ly. Met ander woorde dit is genade as jy verdra wanneer jy goed doen en dan moet ly.

“Broers en Susters, dit is maar net een helfte van die definisie van genade wat sê: ‘want uit genade is julle gered’. (Ef 2:8) Genade is nie net vir my waar Jesus Christus onskuldig by Gábbata veroordeel is nie. Genade is meer as dit. Ons teksgedeelte maak dit só duidelik dat dit nie ontwyk kan word nie: ‘Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ’n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg’. (1 Petr 2:21)

“Dit is waartoe die Evangelie ons as ontvangers van die genade oproep, naamlik om genade uit te lewe en deur te gee.

“Waar in bestaan hierdie uitleef van genade? Hoe lyk die lewe van genade? Petrus skryf dat Jesus

Christus: 'toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel.' (1 Petr 2:23)

"Ons moet Jesus Christus daarin navolg. Hy was nie net die voorbeeld daarvan nie, maar het ook in die fynste besonderhede aangetoon hoe ons genade moet uitleef. Só wat leer Jesus Christus ons?

"Hy het nie op sy regte gestaan nie. Hy het nie by die huis kom vertel dat Hy darem vandag vir Rabbi so en so en vir tollenaar so en so lekker op hul plek gesit het nie. Hy het nie gedreig dat Hy ons sou vervolg of sou terugkry nie. Hy het die teendeel gedoen. Petrus skryf dat Jesus Christus 'self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe'. (1 Petr 2:24)

"Jesus het ons nie veroordeel, gedreig en uitgeskel toe ons Hom in die Gábbata-verhoor aangekla, veroordeel en onskuldig gekruisig het nie. Hy het in stede ons sondes op Hom geneem. Daarom kan Jesus se voorbeeld ons ook net in een koers lei. Dit is kruis toe. Dit is waar Jesus ons sondes op Hom geneem het en ons leer om ander se sondes te vergewe.

"Dit is al só 'n geykte frase, dat ons vergeet wat dit beteken.

"Broers en Susters, Jesus Christus het gesê: Ek sal julle skuld op my neem, asof dit my skuld is. En dit terwyl Hy 'geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie'. (1 Petr 2:22) U moet onthou, Pilatus het herhaaldelik verklaar: 'Ek vind geen skuld in Hom nie.' (Joh 18:38; Joh 19:4,6; Luk 23:4) En tog het ons gesê: 'Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf'. (Joh 19:7) Hierop het Jesus nie op sy regte gestaan nie, maar gesê: Ek sal julle skuld dra, asof dit Myne is.

"Dit is wat dit beteken om kruis toe te gaan. U sien, aan die kruis sterf jy as gevolg van die dade van ander. Aan die kruis sê jy: Ek sal jou skuld dra, asof dit myne is. Aan die kruis verduur jy onreg ter wille van ander. Dit beteken, jy sterf aan jouself.

"Daarmee dra ek nie, soos Jesus, ander se sondes plaasvervangend nie. Maar daarmee demonstreer jy, soos Jesus, die Evangelie aan daardie persoon. Dit is genade.

"Maar ek doen ook meer as dit. Aan die kruis sterf nie net jou eie belang af nie; ly jy nie net as gevolg van die skuld van ander nie; maar dáár bid jy ook: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.'

(Luk 23:34) En só bring jy tog hulle sonde na die plek van versoening. En só leef jy dan volgens dieselfde genade wat jy ontvang het toe Jesus ook vir jou skuld gesê het: Ek dra jou skuld asof dit Myne is.

“Broers en Susters, genade kyk nooit in die spieël nie. Genade sien nooit jousef raak nie. Genade sien altyd net die ander raak. Genade is altyd ter wille van die ander.

“Sien u, Broers en Susters, sonder die kruis sal ons bly sê: Daar is jou skuld en ek sal sorg dat jy boet!

“Sonder die kruis oordeel jy self. Met die kruis laat jy dit aan God oor, wat regverdig oordeel.

“Sonder die kruis handhaaf jy jousef. Maar met die kruis sterf jy aan jousef.

“Sonder die kruis is jy self alles in almal. Met die kruis is God alles in almal.

“Sonder die kruis demonstreer jy vrees. Met die kruis demonstreer jy liefde.

“Daarom moet ’n Christen by die kruis uitkom, anders kan die Evangelie nie sy doel in daardie lewe bereik nie.

“Petrus het hierdie Evangelie ook aan die ekonomiese bestel gekoppel: ‘Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is.’ (1 Petr 2:18) Hierdie Woord kom tot Christene in die arbeidsmark, waar mense gewoonlik sê: Besigheid is besigheid.

“Hierteenoor moet besigheid genade wees. En dan nie maar in die sin dat die klant altyd gelyk het, ter wille van beter verkope nie.

“Suid-Afrika sou ’n land van genade gewees het, as die arbeidsmark op genade gebaseer was. As elke Christen hier net volgens die beginsel van genade geleef het. As die beginsel van arbeid, indiensneming en dienslewering ook die voetstappe van Jesus kruis toe gevolg het. Die Evangelie van Jesus Christus bring sosiale hervorming. Dit verander die wêreld sodat God alles in almal kan wees.

“Petrus het hierdie Evangelie ook na ons huise gebring. Sy opdrag aan die vrou was: ‘Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word.’ (1 Petr 3:1)

“Sy opdrag aan die man was: ‘Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat

julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is'. (1 Petr 3:7) Jy moet jou vrou met genade eer en nie deur 'n houding van baasskap nie.

"Die lewe van genade dring ook die mure van die huis binne. Dit gaan by die voordeur in en by die gang af, tot in die slaapkamer. En hoe nodig is dit dat hierdie Evangelie juis daar indring, want ons vertoon so maklik 'n Christelike beeld aan die wêreld, maar is só anders in die privaatheid van die huis. Ons sê: Daar kan ek tog myself wees. Maar dan vergeet ons dat die voetstaple van Jesus na die kruis lei.

"Om genadig te lewe, beteken eers om saam te lewe. Dit beteken dat jy jou man uit genade imponeer, en nie met oppervlakkige behangsels nie: 'Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike *versiering* van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.' (1 Petr 3:3,4)

"Om Jesus se voetstaple te volg, lei na huweliksgenade. En daar waar huweliksgenade is, gebeur daar 'n wonder. Hulle wat nie leef volgens die woord van genade nie, word deur die voorbeeld van genade oorgebring na God se genade en liefde. Al is dit 'n opstandige tiener seun of dogter; of 'n onregverdige vader. Almal kan sonder woorde gewen word en oorgehaal word.

"Maar huweliksgenade het ook 'n verdere uitvloeisel: 'sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.' (1 Petr 3:7) Dit bring onverhinderde gebede. Dat ons ook vir mekaar kan bid: 'vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe'. (Matt 6:12)

"Broers en Susters, hoe kan ons ter wille van ander aan die kruis hang, as ons nog ter wille van onself lewe?

"Ek moet sê: Ek sal die skuld dra, al is dit na die beste van my wete nie my skuld nie. Dit is wat Jesus Christus ons leer.

"Ek kan nooit weer myself wees nie, want na die kruis leef Jesus Christus in my. Daarna lyk ek nie meer na myself nie, maar na Jesus, omdat ek sy voorbeeld navolg. Ek het 'n roeping om te vervul.

"Om seker te maak dat ons alles reg begryp, voeg Petrus aan die einde toe, dat ons só moet lewe dat ons saam deel in die lewe as genadegawe: 'Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat

julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is’.

“Omdat ons ontvang, moet ons gee. Iemand het gesê: Genade ontvang ’n mens wel onverdiend, maar dit is nie gratis nie. Genade kos iets om dit uit te deel aan dié wat dit, net soos ons, nie verdien nie. Genade kos om te kan sê: Ek sal jou skuld dra, asof dit myne is. Om onregverdig gekruisig te word. Om te kan sê: ‘Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.’ Al hang hulle jou aan ’n kruis op. Al spuug hulle op jou. Al slaan hulle jou. En al verdeel hulle jou klere onder mekaar.

“Want ons het in Jesus Christus ’n voorbeeld in Wie se voetstappe ons moet volg.

“Amen.”